# Wees Waaksaam



Marius Hattingh

# *KENNISGEWINGS*

© Therismos Bedieninge.  Alle Regte word voorgehou.  Die boodskap kan vrylik gedeel word, maar geen moontlike duplisering word sonder toestemming toegelaat nie.

"Skrifaanhalings is geneem uit
Die Boodskap © 2002. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy,
Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou."

"Skrifaanhalings gemerk NLV is geneem uit die Nuwe Lewende Vertaling © 2006.
Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou."

Afrikaans 1983 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte verbenol.

# ***WEES WAAKSAAM***

In hierdie boodskap word uitegewys hoe belangrik dit is, vir elke persoon en veral gelowiges om waaksaam te wees in hul daaglikse lewe.  Die hoofskrif is in

1 Petrus 5:8 (DB)

In die geestelike stryd moet julle op en wakker wees. Julle het ’n gevaarlike vyand, die duiwel. Hy loop rond soos ’n honger leeu wat iemand soek om te verskeur. As hy julle aanval, moet julle met julle geloof in die Here terugveg.

In hierdie skrif word 'n baie belangrike punt uitgewys, en dit word aangedui in die laaste deel van die skrif en dit is, dat as gelowiges aangeval

word, moet hulle met die aanval teenstaan deur hulle geloof.

Daar is wel baie mense wat tans deur dinge en dinge in hul lewens gaan, maar die vraag is, hoeveel is in staat om te doen wat nodig is om deur daardie uitdagings te kom?

Dit is algemeen dat mense die duiwel die skuld gee, as dinge verkeerd gaan, maar die duiwel is nie veronderstel om mense en veral gelowiges keer op keer aan te val en daarmee weg te kom nie. Die duiwel is deur die Here Jesus Christus verslaan en ontwapen (Kolossense 2:15 DB)

Dit kan ook nog op 'n ander manier gestel word: Jesus het die vyandige geestelike magte en kragte totaal verslaan. Hy het behoorlik bo-oor hulle geloop. Hierdie geestelike magte kan nou net magteloos in kettings voortstrompel terwyl Jesus as die groot Wenner vooruitstap. In hierdie

optog word Jesus se oorwinning aan die kruis feestelik gevier. Dit is daar vir almal om te sien.

Die duiwel maak staat op mense en veral gelowiges se onkunde oor wie hulle in Christus is, en dat Jesus Christus hom verslaan het, want solank mense en gelowiges dit nie in hulle lewens ken en toepas nie, gee hulle onwetend aan die duiwel 'n oop deur en geleentheid om hulle aan te val.

Daarom staan daar in die Skrif dat die Duiwel iemand soek. Dit wys duidelik dat sy mag beperk is en nie kan doen wat hy wil nie. Hy kan nie sommer enigiemand aanval nie.

Maniere waarop mense vir die Duiwel vatkans in hulle lewens kan gee

**Kwaad en Rusie**

Dit is baie belangrik veral in die gelowige se lewe om as hulle in argumente betrokke raak, om dit nie net te los nie. (EFESIËRS 4:26-27 NLV)

26 Moenie sondig as jy kwaad word nie. Moenie tot die aand toe kwaad bly,

27 en die duiwel so ’n houvas gee nie.

**Vergifnis**

Dit is baie belangrik om te weet dat soos elke mens en gelowige afhanklik is van God en Jesus Christus se genade, moet gelowiges dieselfde op ons medemens toegepas. (MARKUS 11:25 NLV)

Maar wanneer julle besig is om te bid, vergewe eers enigeen teen wie julle ’n grief koester. Dan sal julle hemelse Vader ook julle oortredings vergewe.”

En dit is baie belangrik, want mense en gelowiges wat dit nie toepas nie, gee sonder wete vir die vyand 'n oop deur om hulle lewens aan te val en dinge moontlik erger te maak.

## Liefde vir Wêreldse Dinge en Verleidelikheid

Hierdie is ongelukkig 'n afdeling waarin soveel mense vasgevang word, want ons almal leef in 'n fisiese wêreld en ons behoeftes is fisies. Die troos is daar dat gelowiges kan dieselfde doen, wat die Here Jesus Christus gedoen het, toe hy deur die duiwel versoek is (MATTEUS 4:9-10 NLV)

9 Daarop sê hy vir Jesus: “Dit alles sal ek vir jou gee. Al wat jy moet doen, is om neer te kniel en my te aanbid.”

10 Toe sê Jesus vir hom: “Trap, Satan! Daar staan in die Skrif: ‘Jy moet die Here jou God aanbid en Hom alleen dien.’

In hierdie skrif wys die Here Jesus duidelik hoe hy die duiwel op sy plek gesit het, en dit was deur te bevestig wat in die Woord van God staan.

**Selftrots**

Dit is ook 'n gevaarlike gebied, want mense en gelowiges wat op hul eie vermoëns staatmaak om dinge in hul eie lewens te doen, kan ook die duiwel 'n deur gee, want selftrots lei tot hoogmoed en die Here vermei mense met hoogmoedige gesindhede (Jakobus 4:6 DB)

God gee ook vir ons baie meer as wat ons nodig het om so te leef, sonder dat ons dit verdien. Ek verwys weer na wat die Skrif sê: “God wil niks

met die mense te doen hê wat dink hulle kan op hulle eie sonder God regkom nie. Maar vir daardie mense wat weet hulle is niks sonder God nie, is God baie, baie goed - meer as wat hulle ooit verdien."

## Sonde en Gewoontes

Dit is die algemeenste waar elke gelowige daagliks moet werk en dit is om sonde uit hulle lewens te hou, want mense wat soos die wêreld leef en niks daarvan dink nie, gee ook sonder kennis 'n baie groot oop deur vir die vyand om hulle lewens aan te val. (Romeine 12:1-2 DB)

Ek wil nou 'n baie ernstige versoek tot julle rig. Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. 'n

Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan. Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat sy wil is en hoe julle julle hele lewe elke dag aan Hom moet oorgee.

Dit is ook noodsaaklik dat gelowiges die Heilige Gees toelaat om hulle te help om van enige vorm van sonde in hulle lewens ontslae te raak. (Romeine 8:11-13 DB)

11 Julle weet baie goed dat God Jesus uit die dood laat opstaan het. Daarom is dit vanselfsprekend dat Hy wat nou deur sy Gees in julle bly, eendag ook elkeen van

julle se sterflike liggaam met die hulp van sy Gees lewend sal maak.

12 My broers en susters, omdat die Heilige Gees in ons bly, mag ons nie langer in die sonde rondlê nie. Ons is dit aan Hom verskuldig.

13 As julle kies om aan te hou sondig, moet julle weet dat julle sonder God sal sterf. Maar as julle toelaat dat die Heilige Gees met julle sondige dade afreken, sal julle vir altyd saam met God lewe.

**Skuld en Veroordeling**

Dit is een van die duiwel se gunsteling wapens om mense en gelowiges skuldig te laat voel wanneer foute gemaak word. En die vyand kry veral maklik 'n houvas op 'n mens se lewe as hulle nie bewus is van wat die Here Jesus

Christus deur sy kruisdood vir elkeen vermag het nie.

Die Woord maak dit baie duidelik dat daar geen veroordeling is vir die wat in Christus Jesus is nie. ROMEINE 8:1 AFR83

Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.

Dit is goeie nuus vir gelowiges dat die vyand nie 'n vinger kan wys of hulle van hulle foute kan beskuldig nie, want die Here Jesus Christus het reeds met sy eie kosbare bloed aan die kruis vir ons sondes betaal.

ROMEINE 3:23-24 AFR83

Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade

vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

## Ten Slote

As jy hierdie boodskap gelees het, maar nie Jesus Christus in jou lewe as verlosser en verlosser het nie, word jy genooi om die volgende gebed te bid.

Here Jesus

Ek kom vandag na jou toe

En ek glo met my hele hart dat U My liefhet,

en dat U vir my sondes aan die kruis gesterf het

En ek glo dat U op die derde dag uit die dood opgestaan het.

En ek vra U om in my lewe te kom as my persoonlike saligmaker en redder

en dat U my sal skoon was met U kosbare bloed wat U vir my aan die kruis vergiet het

En ek dank U dat ek glo dat Ek is nou wedergebore

Amen

**Kontakbesonderhede**

E-Pos:  therismosministry@gmail.com

Web:  www.therismosministry.com